



GREY KOLLEGE SEKONDÊR COLLEGE SECONDARY

A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS

'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

SENTRUM VIR LEER EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE

Riglyne vir ouers met hul seuns se terugkeer

Heelwat ouers ervaar gemengde gevoelens met betrekking tot die heropening van skole en hul kinders se gepaardgaande terugkeer skool toe. Met die aanvang van Vlak 3 van Inperking moes al hoe meer ouers ook weer terugkeer werk toe, heelwat sonder die gewone ondersteuningsisteme in plek, en ouers staan moeilike besluite in die gesig rakende hul kinders se reïntegrasie by hul skool. Daar is egter stappe wat ouers kan neem om hul kinders voor te berei vir die nuwe manier van skoolgaan wanneer hul terugkeer.

1. Wees ingelig

Vergewis uself van die skool se operasionele protokolle, maatreëls en prosedures wat reeds gekommunikeer is en deel dit met u seuns sodat hul bemagtig word en voel dat hul 'n mate van beheer het tydens 'n onseker en onbekende skool-ervaring. Benader alle vrae wat hul moontlik mag hê op 'n eerlike en realistiese wyse sodat u seuns hul verwagtinge daarvolgens kan aanpas.

2. Normaliseer

Help u seun om te verstaan en aanvaar dat die publieke veiligheidsmaatreëls ook by die skool gevolg moet word en dat dit die nuwe "normaal" is. Alhoewel alles moontlik gedoen word om die seuns steeds die "Grey-ervaring" te bied, is dit belangrik dat ouers die seuns vooraf voorberei dat skoolgaan nie kan terugkeer na hoe dit was pre-Covid 19 nie. Tree pro-aktief op en bespreek die riglyne wat deur die skool deurgegee is vooraf met u seuns sodat hulle weet wat om te verwag.

3. Skep 'n leer ingesteldheid

Bemoedig u seun deur positiewe terugvoer te bied oor die tyd wat belê is en skoolwerk wat gedoen is gedurende die grendeltyd. Tref die nodige voorsorg deur ondersteuning (ekstra klas en/of studioterapie) in plek te kry om agterstande aan te spreek. Help u seun om weer gewoond te raak aan 'n skoolroetine en implementeer struktuur vir akademiese aktiwiteite.

4. Moenie volwasse vrese oordra aan u seun nie.

Die effektiewe en gesonde hantering van ouers se persoonlike vrese en angs rondom die seuns se terugkeer is een van die grootste rolspelers in die proses om die seuns te bemagtig en veilig te laat voel. Indien ouers 'n gebalanseerde perspektief handhaaf gebaseer op wetenskaplike feite eerder as op die media se gepolariseerde beeld, asook effektiewe hanteringstrategieë implementeer om hul eie emosies te hanteer, kan seuns vanuit hul ouers se voorbeeld leer hoe om emosioneel meer veerkragtig te wees. Fokus op dit wat u *kan* beheer, eerder as om psigiese energie te vermors op faktore waaraan mens niks kan verander nie.

Die Sentrum vir Leer en Ondersteuningsdienste bied emosionele-, sowel as akademiese ondersteuning (studioterapie) en sien uit daarna om die seuns terug te verwelkom. Kontak ons gerus om 'n afspraak te skeduleer (lclaassens@gc.co.za)

Chanell Cuyler-Greeff
SLO Sielkundige